DAG & NAG 24 GEBED SEWE 365

Bou 'n GEBEDSMUUR

Uitgegee deur Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
www.jwipn.com
www.global24-7.org
tel.+27-12-3653213
e-pos: info@jwipn.com

JERIGO MURE
GEBEDSNETWERK

Hersiene weergawe, Julie 2009
GEEN KOPIEREG. Toestemming om te kopieër

INDEKS

1	**VERHALE VAN EN MODELLE VIR DAG EN NAG GEBED**		**4**
	1.1	Ou Testament	5
	1.2	Esseners	5
	1.3	Die vroeë Christenkerk	5
	1.4	Die Egiptiese Woestyn	5
	1.5	Morawiërs	6
	1.6	Internasionale Huis van Gebed (International House of Prayer/ IHOP– Kansas City)	6
	1.7	Jerusalem House of Prayer for all Nations	7
	1.8	US/DC Prayer Watch, Washington DC, VSA	7
	1.9	Gebedstorings in Indonesië	7
	1.10	Gebedswagte vir dwelmslawe	8
	1.11	Gebedskamers in kerke	8
	1.12	Vyftien dorpe in 'n 5 week gebedsiklus	8
	1.13	Township/plakkerskamp deurdrenk met gebedswagte	8
	1.14	Die jeug en 24/7	9
	1.15	Denominasies en Christen organisasies	9
	1.16	Gebedsberge	10
	1.17	Woord gebedswagte	10
	1.18	Tronke	10
	1.19	Gebedsmure	11
2	**HOEKOM DAG EN NAG GEBED?**		**12**
	2.1	Dag en nag gebed in die Skrif	12
	2.2	Wat gebeur wanneer mense dag en nag bid?	14
	2.3	'n Verduideliking van die woord "wag" in die Skrif	14
	2.4	Gebed moet altyd tot aksie oorgaan	15

3 ALGEMENE RIGLYNE **17**
3.1 Plekke wat gebruik word vir gebedswagte 17
3.2 Voorbeelde van hoe gebedswagte gevestig kan word 17
3.3 Voorbeelde van hoe individue en gemeentes betrokke kan raak 18
3.4 Verskillende name vir 24 uur gebedswagte 18
3.5 Die fokus van gebedswagte 18
3.6 Nuttige webruimtes 19

4 HOE OM 'N GEBEDSKAMER TE BEDRYF **20**
4.1 Riglyne vir 24/7/365 gebedswagte 20
4.2 Praktiese beginsels vir die bou van 'n 24/7/365 gebedswag in 'n plaaslike gemeente 21
4.3 Riglyne vir die vestiging van 'n gebedswag vir korter tydperke 22
4.4 'n Voorbeeld van 'n interaktiewe gebedskamer met gebedstasies 25

5 RIGLYNE - HOE OM 'N UUR IN GEBED DEUR TE BRING **30**
'n Een uur gebedsrooster 30

VERHALE VAN EN MODELLE VIR DAG EN NAG GEBED

Sedert die begin van die 1990's is daar wêreldwyd nuwe klem gelê op 24/7 gebedswagte (d.w.s. dag en nag gebed). Hierdie beweging is deur God geïnspireer en is besig om vinnig oor die hele wêreld te versprei. In die 1990's was daar wêreldwyd slegs 'n paar dosyn aktiewe 24 uur gebedswagte. Oor die afgelope 10 jaar het hierdie skrale getal egter gegroei tot letterlik duisende. Die doel van hierdie 24/7 gebedswagte is om in opdrag van die Woord bidders (*watchmen*) op die mure te plaas; en kerke, streke en nasies aan te moedig en te mobiliseer om dag en nag na God se troon van genade te kom met lofprysing, aanbidding en intersessie.

Christene in dorpe, stede, lande en kontinente word aktief gemobiliseer om 24 uur per dag voor God se troon te staan om Hom te loof, te aanbid en te pleit vir herlewing in die kerk en voortvloeiend hieruit wêreldevangelisasie, en ook te bid vir transformasie en genesing van gemeenskappe, stede en lande. So gehoorsaam die kerk dan die Groot Gebod en word die Groot Opdrag uitgevoer.

Die gedagte is om duisende gemeentes op te roep om met 24 uur gebedswagte in hulle gemeenskappe te begin. 'n Wegspringplek is om individuele gemeentes sover te kry om vir 'n tyd lank minstens een dag per week 24 uur te bid en om dit dan stelselmatig te vermeerder tot meer as een dag per week. Tweedens word gemeentes aangemoedig om te begin bou aan 'n gemeenskaplike 24/7/365 gebedswag saam met ander kerke, sodat daar daagliks 24 uur ingetree word vir hulle gemeenskap, dorp/stad en land. Die droom is om hierdie konsep in elke land ter wêreld te vestig. 'n Derde moontlikheid is dat gemeentes 7, 10 of 21 dae van 24/7 gebed een of twee keer per jaar onderneem. So kan gebedswagte in elke dorp/stad en kontinent in die wêreld uiteindelik 'n konstante stroom van gebed vir die gebroke en gevalle wêreld voor die troon van God bring.

Voorbeelde van dag en nag gebed in die geskiedenis van die kerk:

1.1 Ou Testament

In Eksodus en Levitikus lees ons dat die priesters se lampe in die tempel altyd moes brand (Lev.6:12-13). Die Here was baie streng oor die opdrag dat die vuur op die altaar voortdurend aan die brand gehou moes word. Daarom het die priesters skofte gewerk en is die tempel 24 uur lank met gebed, aanbidding en lofprysing gevul.

1.2 Esseners

In die tyd van Jesus, het een van die vier takke van Judaïsme, die Esseners, geglo in 24 uur gebed. Die gemeenskap is in drie groepe verdeel sodat elke groep elke derde dag 'n beurt gekry het om wakker te bly en dwarsdeur die nag te bid.

1.3 Die vroeë Christenkerk

Die vroeë Christenkerk het ontstaan uit gebed wat dag en nag tot God opgegaan het, d.w.s. 24/7 gebed. Alle getuienis dui daarop dat Jesus se dissipels 10 dae lank eendragtig gebid het voordat die Heilige Gees op Pinksterdag uitgestort is.

1.4 Die Egiptiese Woestyn

Tydens die derde en vierde eeu het baie Egiptiese Christene in die woestyn gaan bid en mediteer. Groot getalle toegewyde manne en vroue het in die woestyn gaan woon. Tot vandag toe is die nalatenskap van hierdie mense ligbakens. Hierdie periode staan bekend as die tyd van die woestynvaders. 'n Voorbeeld van een van hierdie gebedsbewegings: in die westelike gedeelte van die Egiptiese Woestyn, 'n deel wat bekend staan as Wadi El Natrun (die Vallei van Sout), het St. Macarios vier kloosters gebou. (Hierdie is nie die enigste kloosters wat in daardie gebied gebou is nie). Tussen 8 000 en 10 000 monnike het in afsondering rondom hierdie kloosters gewoon (ongeveer 40 000 in totaal). Hulle belangrikste werk was om te bid en dit het hulle vir 12 tot 20 ure per dag gedoen. Daar is daagliks deur die 150 Psalms, die Profete en groot gedeeltes van die Nuwe Testament gebid! Dit is ongetwyfeld hierdie gebede wat dag en nag geoffer is, wat tot 'n herlewing gelei het wat soos 'n veld-

brand vanaf Egipte na Ethiopië, Sirië, Griekeland en ander dele van Europa en Rusland versprei het. Die evangelie het gevolglik ook deur die hele Noord-Afrika versprei. Die monnike was in werklikheid besig met 24 uur gebed per dag en hulle het spesifiek die Woord en die beloftes van God gebid. Ons as gelowiges kan baie leer uit die gebedsleefstyl van die woestynvaders. Baie van wat vandag plaasvind in gebedsbewegings, is korporatiewe/kollektiewe gebed. In hierdie beginsel lê krag, maar ook swakheid, want dit bevorder nie noodwendig 'n gelowige se persoonlike gebedslewe nie.

1.5 Morawiërs

In 1727 het die Morawiërs in Herrnhut 'n 24/7/365 gebedswag begin wat 125 jaar aan die gang gehou is. Dit het begin met 48 manne en vroue wat in pare een uur lank op 'n slag gebid het en so 24 uur per dag gedek het. Later het meer individue by hulle aangesluit, ook jongmense en kinders. Binne die eerste 25 jaar het hierdie klein Morawiese gemeente met ongeveer 600 lidmate meer sendelinge uitgestuur as die hele Protestantse kerk oor die vorige 200 jaar saam! Die herlewing in die vroeë 18e eeu, die stigting van Morawiese gemeentes in baie lande en die oorsprong van die Metodiste Kerk kan na hierdie gebedswag teruggeneem word.

1.6 Internasionale Huis van Gebed (International House of Prayer/IHOP– Kansas City)

In die middel van die 1980's het die Here vir Mike Bickle van IHOP geroep tot 'n lewe van gebed. Hy het 'n klompie gebedsgroepe begin en mense aangemoedig om elke dag stelselmatig meer tyd in gebed deur te bring. Na ongeveer 13 jaar het hierdie groepe 'n 12 uur per dag gebedswag gehad en sedert 1999 is 'n volle 24/7/365 gebedswag in Kansas City aan die gang. Hierdie intersessors beoog om soortgelyke gebedswagte oor die hele wêreld te vestig. Mike Bickle en die span wat saam met hom werk het 'n gebedsmodel ontwerp wat hulle *Harp and Bowl* noem. Die model kombineer Skrif, aanbidding, lofprysing, geestelike oorlogvoering en intersessie op 'n unieke wyse (www.fotb.com). Hierdie gebedsmodel kan met reg 'n vuuroond van gebed genoem word: in die gees van die tabernakel van Dawid word daar elke dag 24 uur lank gebid.

1.7 Jerusalem House of Prayer for all Nations

Die *Jerusalem Huis van gebed vir alle Nasies* is deur Tom Hess gestig. In 1987 het hy na Jerusalem verhuis om 'n 24 uur gebedswag daar te begin om vir die vrede van Jerusalem en vir die nasies van die wêreld te bid. Die *Gates of Jerusalem Watch* is deel van hierdie gebedsinisiatief: 12 gebedspanne bid elk daagliks 2 ure lank by die poorte van Jerusalem. In September 1999 het Hess die eerste konvensie vir 24 uur gebedswagte byeengeroep. Baie nasies is hier verteenwoordig en Hess werk op die oomblik hard daaraan om 24 uur gebedswagte oor die hele wêreld te vestig. Gedurende die afgelope dekade is verskeie ander gebedswagte in Israel gevestig (http://www.jhopfan.org / ancj@jhopfan.org).

1.8 US/DC Prayer Watch, Washington DC, VSA

In 1988 het 'n groep nasionale Christenleiers 'n week van 24 uur gebed op 'n strategiese plek in Washington, DC gehou. Die uitvloeisel hiervan was uiters bemoedigend. Die leiers was oortuig dat die Here wou hê dat hulle moes aanhou om op gebed te konsentreer, maar het nie daarin geslaag om prakties op die oproep te reageer nie. In 1997 het 'n nuwe oproep tot gebed uitgegaan en gevolglik is die *US/DC Gebedswag* gestig as 'n nasionale gebedswag wat 24 uur per dag vir die VSA sou bid met spesiale fokus op Washington DC, die president en die strategiese rol van die VSA in God se plan vir die wêreld. 'n Sentrale gebedskalender is saamgestel met die name van individue en gebedsgroepe wat hulleself verbind tot gebed op 'n bepaalde uur een keer per week of ten minste een uur per maand. Teen die jaar 2005 was daar al meer as 3 miljoen intersessors betrokke by hierdie gebedswag.

1.9 Gebedstorings in Indonesië

Deur die volgehoue toewyding van die nasionale gebedsnetwerk in Indonesië is gebedstorings in meer as 500 stede gevestig en 'n gemiddeld van 16 of meer intersessors is verantwoordelik om in 'n spesifieke gebedstoring te bid. Hulle bid in skofte van vier ure per dag. Gedurende die week kom ander mense (individue of groepe) ook na die gebedstorings om sommige van die skofte waar te neem. Sommige intersessors bly aan vir 'n maand of meer voordat ander

kom om hulle af te los. Selfs kinders (4-14 jaar) is betrokke by gebed in hierdie gebedstorings.

1.10 Gebedswagte vir dwelmslawe

'n Predikantsvrou in Pretoria, Suid-Afrika, wie se seun aan dwelms verslaaf was, het geweier om handdoek in te gooi en het ernstig begin intree vir haar kind. In 2001 het sy 'n groep ouers van kinders wat met verslawing worstel, bymekaar gekry om op elke laaste Vrydag van die maand dwarsdeur die nag vir kinders wat by dwelmmisbruik betrokke was, te bid. Oor 'n tydperk van drie jaar (2001-2004), het hierdie een deurnag-groep uitgebrei tot 36 24/7/365 gebedskettings wat gebid het vir kinders wat aan dwelms verslaaf is. Oor die volgende 4 jaar het die bidderstal gegroei tot meer as 30 000 in baie verskillende gebedswagte wat elk ten minste een uur per week bid.

1.11 Gebedskamers in kerke

In die 1990's het Pastor Terry Tackle (VSA) met 'n 24 uur per dag gebedskamer in sy gemeente begin. Dit was baie suksesvol en van toe af is Tackle aktief betrokke by die vestiging van honderde gebedskamers in plaaslike gemeentes oral oor die VSA en ook in ander lande van die wêreld.

1.12 Vyftien dorpe in 'n 5 week gebedsiklus

In 'n landelike gebied in een van die provinsies van Suid-Afrika, het 'n groep van 28 intersessors dag en nag gedurende die 31 dae van Mei, 2004, gebid. Daarna het hulle 15 klein dorpies genader om deel te wees van 'n dag en nag gebedswag. Drie dorpe het 'n week, d.w.s. 168 ure tussen hulle verdeel en verantwoordelikheid geneem vir 'n weeklange 24/7 gebedsessie elke vyfde week. Tans is hulle besig om soortgelyke gebedswagte in vier ander gebiede te vestig.

1.13 Township/plakkerskamp deurdrenk met gebedswagte

Biskop Peter Sekhonyane van 'n township (plakkerskamp) suid van Soweto in Suid-Afrika, genoem Orange Farm, met 'n inwonertal van 1,3 miljoen, het 'n plan gekry om die hele plakkerskamp met gebedswagte te deurweek. Die plakkerskamp is opgedeel in 10 uit-

breidings wat 10 kleiner dorpies daar rondom insluit. Peter het gebedswagte in al 20 sektore en dorpe gevestig. Op die oomblik funksioneer 102 gemeentegebaseerde gebedswagte (waarvan ten minste 25 reeds 'n volle 24 uur per dag bid) en 40% van die kerke in die plakkerskamp is betrokke. Die polisie het berig dat misdaad in 'n spesifieke 6 maande tydperk verminder het teen 20% per maand. Daar is 'n konstante stroom mense wat die Here Jesus as hulle Verlosser aanneem. Hulle beleef baie genesings, herstel van huwelike en gesinsverhoudings, asook bevryding van demone.

1.14 Die jeug en 24/7

'n Baie dinamiese gebedsbeweging het in 1999 onder die jeug in Engeland begin. In September 1999 het Pete Greig 200 jongmense van 'n kerk in die klein dorpie Chichester, naby Southampton, in Engeland, uitgedaag om 30 dae lank vir hulle vriende te bid. Hulle het vir meer as drie maande dag en nag gebid. So is daar teen Desember 1999 'n nuwe gebedsbeweging gevestig. In 2005 het hierdie beweging onder die jeug begin bekend staan as 24/7. Groepe jongmense het spontaan begin om op 'n baie oorspronklike manier 'n praktiese gebedskamer in te rig en het toe begin om vir 168 ure op 'n slag daar te bid, gewoonlik vanaf Maandag tot Sondag. In sommige gevalle is so 'n gebedswag selfs 'n paar weke lank aan die gang gehou. Hierdie gebedswagte is *Boiler Rooms* genoem. Dit word al hoe meer algemeen onder die jeug om van 'n 24/7 as 'n *Boiler Room* te praat. Aan die begin van 2006 was daar alreeds 65 lande waarin hierdie 24/7 jeug-gebedsbeweging wortel geskiet en gegroei het (www.24-7prayer.com).

1.15 Denominasies en Christen organisasies

Uit die 24/7 gebedsbeweging wat onder die jeug in Engeland begin het, het 'n nuwe rigting stelselmatig ontwikkel. Die Heilsleër in Australië en daarna ook in Engeland het 52 van hulle takke gevra om elk 'n week lank 24/7 te bid. Byna onmiddellik het hierdie takke begin getuig van 'n nuwe atmosfeer, sommige takke het berig dat die aantal mense wat hulle sondes bely het, verdriedubbel het en buitengewone geestelike groei is waargeneem. Jeug met 'n Sending (YWAM) met 16 basisse in Wes-Europa het 'n hele jaar opgedeel

sodat elke basis verantwoordelikheid kon neem vir 'n week beurt, om die hele jaar met 24/7 gebed te dek. Teen die begin van 2005 was daar 13 denominasies en Christen organisasies in Engeland wat begin het om die hele jaar met 24/7 gebed te dek.

1.16 Gebedsberge

Suid-Korea is bekend vir sy gebedsberge. Verskeie denominasies het gebedsplekke in die berge gevestig waar mense dag en nag kan gaan bid. Die meeste van hierdie bidplekke verskaf verblyf, het 'n kapel, lesingsale, gebedstasies en gebedshokkies waar mense op hul eie kan bid. Christene gaan dikwels soontoe om te bid (en ook om te vas), soms vir so lank as veertig dae. By die meeste van hierdie gebedsberge is daar 'n konstante stroom van besoekers wat kom bid. Daar word gebid vir persoonlike sake, vir die land, vir Noord-Korea en vir die wêreld. Volgens die kerk in Suid-Korea kan die politieke stabiliteit in Suid-Korea sowel as die groei van die kerk in die land, toegeskryf word aan die gebede wat in hierdie bidplekke in die berge gebid word.

1.17 Woord gebedswagte

Gedurende die 10 dae van dag en nag gebed vanaf 6-15 Mei 2005, het 'n kerk in Pretoria, Suid-Afrika, met drie gebedswagte begin wat net die Skrif gebid het. In die eerste gebedskamer het intersessors die Bybel van Genesis tot Openbaring hardop voorgelees en 240 uur lank kettingsgewys gebid. In gebedskamer twee is die Psalms en Jesus se gebede gelees, asook ander gebede van die Ou Testament. In die derde gebedskamer is uittreksels uit die Skrif gelees (duisende beloftes, opdragte, die gebede van die apostels in die NT, Skrif oor die karakter van God, God se doel met die mens, ens.). Vanaf 17-23 Oktober 2005 het letterlik honderde gebedswagte, plaaslike gemeentes en groepe kerke in Suid-Afrika verenig om die Woord hardop te lees en te bid (vanaf Genesis tot Openbaring sowel as die Psalms) en het vir 168 uur lank daarmee volgehou.

1.18 Tronke

In verskeie tronke in Argentinië het Christene dinamiese 24/7/365 gebedswagte begin (o.a. in Olmos- en '*Christ the only hope'*-gevang-

enisse). Hier bid hulle vir medegevangenes, hulle gesinne, hulle gemeenskappe, land en die wêreld. Ons hoor buitengewone getuienisse van bekerings en veranderde lewens onder die gevangenes en allerhande deurbrake in die tronke van Argentinië. Die meeste van die vrug word toegeskryf aan deurlopende dag en nag gebed. In Suid-Afrika het verskeie tronke herhaaldelik oor die afgelope twee jaar dag en nag vir 7-dae tydperke gebid.

1.19 Gebedsmure

'n Konsep van 'gebedsmure' vir die stad Leicester in Engeland is in 1997 begin deur Phil Bennett van die VSA, in samewerking met gebedsbedieninge in Leicester. 'n Gebedsmuur is eenvoudig om die 168 ure van 'n week te neem en individue of groepe te kry wat onderneem om een of meer van hierdie uur-gleuwe per week te bid. 'n Plaaslike gemeente, jeuggroep of enige aantal persone kan so 'n gebedsmuur begin, waar hulle saam verantwoordelikheid neem om die 168 ure van 'n week in te bid. 'n Gebedsmuur kan vir 'n spesifieke week of twee, vir langer periodes of deurlopend opgestel word. Hierdie konsep van gebedsmure is in ander stede, bv. in Hong Kong en Meksiko, sowel as ander plekke in die wêreld begin. Die *Every Home for Christ*-bediening het daartoe bygedra dat daar gebedsmure oraloor Sjina gevestig is. Die doelwit is om gebedsmure in elke provinsie en belangrike stad en dorp in Sjina te vestig, wat sowat 2700 areas insluit.

HOEKOM DAG EN NAG GEBED?

2.1 Dag en nag gebed in die Skrif

Die konsep van dag en nag gebed is gewortel in verskeie Skrifgedeeltes en Bybelse beginsels:

1. God waak 24 uur van die dag oor ons (Ps.121) en in Sy Woord roep Hy ons op om saam met Hom te waak en te bid. Openbaring 4-5 sê dat die engele en die 24 ouderlinge God letterlik dag en nag aanbid. Die Bybel leer ons om te bid dat die wil van God op die aarde sal geskied soos in die hemel en in die hemel is daar 24 uur van die dag lofprysing, aanbidding en intersessie. Dit is waarom ons glo dat lofprysing, aanbidding en intersessie ook 24 uur van die dag op die aarde moet plaasvind. Die enigste wyse waarop dit prakties kan gebeur, is deur die vestiging van 24 uur gebedswagte.

2. In die Ou Testament is die vuur op die altaar altyddeur aan die brand gehou. *"Die vuur op die altaar word aan die brand gehou; dit mag nie doodgaan nie. Die priester pak elke môre hout op die vuur, lê die brandoffer daarop en verbrand op die altaar die vet van die maaltydoffers. Die vuur moet aanhou brand op die altaar; dit mag nie doodgaan nie"* (Lev.6:12-13). Die priester se twee belangrikste take was: a) intersessie (deur gebed en offerandes); en b) lofpry-sing en aanbidding. Die vuur op die altaar was 'n simbool van voortdurende lofprysing, aanbidding, intersessie en versoening deur die priesters.

3. God Self het ons as wagte op die mure aangestel om te bid vir die vervulling van Sy beloftes: *"Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan Sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie. Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het"* (Jes.62:6-7).
   Nota: a) dit is God Self wat die wagte aanstel; b) hulle moet 24

uur van die dag voor Hom staan; en c) die wagte moenie stilbly en Hom toelaat om te rus tótdat al Sy beloftes vervul is nie. God se Woord het duisende beloftes vir Sy kinders en die Skrif beveel ons om aanhoudend te bid vir die vervulling van hierdie beloftes.

4. In Lukas 18:7 belowe God dat Hy aan ons reg sal doen (regstel wat verkeerd is – misdaad, geweld, armoede, dwelmmisbruik, korrupsie, immoraliteit, onreg, gebroke huwelike en die VIGS pandemie) as ons dag en nag tot Hom roep: *"Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag?"* (Luk.18:7).

5. Paulus se briewe praat dikwels van dag en nag intersessie vir die kerk en vir die vooruitgang van die evangelie.

6. Om God die Vader dag en nag deur lofprysing en aanbidding te dien, om in intimiteit met God te groei en voor Sy aangesig te leef. Op.4:8-11: *'Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep."'*

7. Bid vir hierdie generasie jong mense om terug te keer na God en om Godvresende manne en vroue te word wat die Groot Opdrag en die Groot Gebod sal uitvoer. Klaagl.2:18-19: *"Roep tot die Here, Sion, laat jou trane in strome vloei, dag en nag, moet jou nie rus gun nie, moenie dat jou oë verligting kry nie. Staan dwars-*

deur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate."

2.2 Wat gebeur wanneer mense dag en nag bid?

1. 'n 24/7 Gebedswag is die een manier waarop 'n gemeente God se opdrag om 'n huis van gebed vir die nasies te wees, kan uitvoer (Jes.56:7). Deur die instelling van 24/7 gebedswagte, is kerke bemagtig om verantwoordelikheid te neem en soos wagte op die mure te staan vir hulle eie gemeente, die Kerk wêreldwyd, hulle eie gemeenskappe, land en ook vir ander nasies.
2. Ure van gebed met lofprysing, aanbidding en intersessie bring onvermydelik 'n nuwe en dieper dimensie in intersessors se verhouding met God, want dit is ure wat in God se teenwoordigheid deurgebring word.
3. 'n 24 Uur gebedswag bied 'n volgehoue fokus op die inbring van die oes.
4. Deur gebedswagte kan ons dag en nag bid vir ons eie behoeftes en die behoeftes van die gemeenskap.
5. Dag en nag gebed help ons om met gebed te volhard, om aanhoudend te bid soos die Woord ons beveel.
6. 'n 24 Uur gebedswag bevorder eenheid tussen gelowiges omdat hulle op dieselfde sake fokus en saam daarvoor kan bid. Dit bind ook gemeentes en denominasies saam.
7. Dit help elke intersessor en gebedsgroep om te verstaan dat hulle 'n verantwoordelikheid in God se koninkryk het. Dit versterk bidders (watchmen) ook om te weet hulle bid nie alleen nie; wat 'n groot bemoediging vir die meeste mense is.
8. Geskiedenis bewys deurentyd dat dag en nag gebed 'n groot impak op gemeenskappe en op die wêreld het.

2.3 'n Verduideliking van die woord "wag" in die Skrif

In Gen.2:15 het God die mens as Sy verteenwoordiger aangestel; die mens wat as bewaker en wag van die Tuin van Eden moes optree. Die Hebreeuse woord vir "wag" is *shamar*, een van die drie woorde

wat gebruik word vir wagte in die Ou Testament. Adam het die opdrag gekry om die Tuin van Eden te bewaak en te onderhou. Die ander twee woorde is *natsar* en *tsaphah*. Al drie hierdie Hebreeuse woorde impliseer beskerming en verdediging, sowel as aggressiewe en offensiewe handeling. Mens kan dus aflei dat hierdie woorde in werklikheid beteken om te bewaak of om te beskerm deur wag te hou, te bewaar en te versteek.

Die twee Griekse woorde vir "bewaak" is *gregoreuo* en *agrupneo*. Beide impliseer beskerming, maar beteken letterlik ook "om wakker of slaaploos te wees". Hierdie woorde verwys na 'n wag, 'n spioen, 'n nagwag – een wie se taak dit is om wakker te bly, om op die uitkyk te wees vir tekens van gevaar.

In Ou Testamentiese tye was 'n wag verantwoordelik vir a) die oppas van gesaaides; en b) om op die mure van die stad op die uitkyk te wees vir vyande. Net so is die dienste van wagte tydens die geestelike oestyd noodsaaklik. Oral oor die wêreld is dit oestyd, dit is waarom God op die oomblik wagte nodig het – om wag te hou oor Sy oes (Joh.17:12) en om dit te beskerm. Wagte is egter ook op die mure van stede geplaas om die stad se mense te beskerm en veilig te hou (Jes.1:6-8; Jes.62:6; Eseg.22:30). Daarom is dit ook 'n taak vir ons as bidders (*watchmen*) in 'n geestelike sin.

2.4 Gebed moet altyd tot aksie oorgaan

Gebed is nie 'n doel op sigself nie. Gebed bring ons in diepe gemeenskap met God, die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. As ons tyd met Jesus deurbring, sal Hy Sy hart aan ons openbaar en ons na mense in nood neem. Die doel van gebed is om ons verder te versterk sodat ons die Groot Gebod (om lief te hê...) en die Groot Opdrag (om te gaan...) kan gaan uitleef. Ons bid nie ter wille van gebed nie. Ware gebed sal ons altyd tot aksie laat oorgaan en mense se lewens aanraak met die liefde en passie van Christus.

1. Gebed moet altyd uitloop op 'n sendingleefstyl – die neem van

die liefde en verlossing van Jesus na mense wat verlossing, troos en genesing nodig het.

2. Terwyl ons bou op die fondasie van gebed, moet ons lewe soos dissipels van Jesus en Hom volg waar Hy ook al mag lei, ongeag die koste.
3. Gebed moet lei tot 'n lewe van omgee vir almal wat in nood is.
4. Gebed vorm die basis vir Christene om in vrede, rekonsiliasie en in liefde met mekaar saam te leef.
5. Deur gebed groei ons verhouding met Jesus tot een van intimiteit.
6. Deur gebed ontvang ons krag van God (deur die Heilige Gees) om te getuig van die liefde, verlossing en die ontferming van Jesus, en om Sy barmhartigheid na die uiteindes van die aarde te neem.

ALGEMENE RIGLYNE

3.1 Plekke wat gebruik word vir gebedswagte

Oral oor die wêreld gebruik mense byna elke soort plek vir die vestiging van hulle gebedswagte. Die volgende is voorbeelde van plekke wat gebruik word:

- huise of woonstelle
- motorhuise, stoorkamers, agterkamers, solders of kelders, 'n plakkershut
- kapelle of kerkgeboue
- plekke wat spesiaal vir gebed ingerig is
- 'n kantoor of 'n vertrek in 'n inkopiesentrum
- tronkselle of kamers in tronke

3.2 Voorbeelde van hoe gebedswagte gevestig kan word

- 24 Mense wat dieselfde belang op die hart dra, begin elk een uur per dag bid en vul so die 24 uur van die dag.
- 'n Plaaslike gemeente onderneem om 'n week 24/7 te vul of om net eers met een dag te begin.
- 'n Aantal plaaslike gemeentes span saam: elke gemeente bid byvoorbeeld een dag per week en vestig so gesamentlik 'n 24/7/365 gebedswag.
- 'n Gemeenskap kan besluit dat hulle 'n 24/7 gebedswag nodig het. Individue, plaaslike kerke, gebedsgroepe en jeuggroepe span dan saam om 24/7 so 'n gebedskamer te beman.
- Jongmense in hoër/sekondêre skole of universiteite/kolleges onderneem om 'n 24/7 op hulle kampusse te begin.
- Kinders (ouderdom 6-14) word soms in gebedswagte gemobiliseer. Hulle neem beurte in 'n gevestigde gebedswag of onderneem om 'n paar uur per week te bid.
- 'n Groeiende aantal mense oral oor die wêreld onderneem om vir sekere tydperke (bv. 'n paar maande, 'n jaar, of langer) op 'n

voltydse basis te werk as "gebedsendelinge" in 'n gebedswag.

3.3 Voorbeelde van hoe individue en gemeentes betrokke kan raak

- Sommige individue sal een uur per dag wil bid.
- Sommige sal een keer per week of een keer in twee weke wil deelneem.
- Ander sal van tyd tot tyd kom.
- Sommige sal vir 'n een uur gleuf wil kom, ander vir twee of meer.
- Sommige gemeentes gebruik een uur gleuwe, nog ander maak gebruik van 30 minute gleuwe en sommige ook van twee uur gleuwe. Sommige gebedswagte verdeel hulle gebedstye in 15 minuut sessies. Kinders sal dalk net 10-15 minute lank bid.
- Sommige gebedsgroepe sal 'n plaaslike gemeente nader om vir een dag per week of een dag per maand saam te bid.
- Sommige gebedswagte is taamlik "ongeorganiseerd" of spontaan: Mense kom en gaan soos die tyd dit toelaat. Ander is baie meer gedissiplineerd en verwag van deelnemers om betyds te wees en 'n spesifieke sessie te vul.

3.4 Verskillende name vir 24 uur gebedswagte

- Gebedskettings
- Gebedskamers
- Huise van gebed
- *Boiler rooms*
- Kreatiewe gebedskamers
- 24/7 Gebedswagte
- Gebedstorings
- Gebedshuise
- Gebedsberge
- Gebedsmure

3.5 Die fokus van gebedswagte

Gebedswagte word gestig weens 'n wye verskeidenheid redes en doelwitte, byvoorbeeld:

- As sentra vir lofprysing en aanbidding
- Vir intersessie en geestelike oorlogvoering
- Om die Woord van God te bid (bv. *Global Prayer Watch*, Kaapstad, Suid-Afrika)
- Vir alleen wees, stilte, bepeinsing en nadenkende gebed (bv. Taize in Frankryk)
- 'n Kombinasie van aanbidding, intersessie en geestelike oorlogvoering (bv. *International House of Prayer* in Kansas City, VSA)
- Gebed vir die nasies van die wêreld
- Gebed vir die basiese behoeftes van die gemeenskap
- Gebed vir die land: herlewing, ekonomie, politieke situasie, ens.
- Gebed vir die plaaslike gemeente
- Enige kombinasie van bogenoemde

3.6 Nuttige webruimtes

www.24-7prayer.com
www.fotb.com
www.jwipn.com
www.xtremeprayer.com
www.globaldayofprayer.com
www.global24-7.com

HOE OM 'N GEBEDSKAMER TE BEDRYF

4.1 Riglyne vir 24/7/365 gebedswagte

- Dit is een ding om 'n gebedswag van 7 dae te hou, maar heeltemal iets anders om 'n gebedswag vir 365 dae, jaar in en jaar uit, aan die gang te hou.
- Goeie sterk leierskap is nodig.
- Daar moet genoeg toegewyde intersessors wees. Die aantal intersessors sal afhang van die soort gebedswag wat jy wil vestig. Dit is bv. onrealisties om van al die bidders (watchmen) te verwag om een uur per dag te bid. Sommige sal dit net nie kan volhou nie.
- Sorgvuldige beplanning, duidelike leiding, goeie administrasie en voortdurende motivering is nodig. Baie gebedswagte loop mettertyd dood as hierdie vier dinge nie reg gedoen word nie.
- 'n Spanpoging is nodig om so 'n gebedswag aan die gang te hou: 'n algemene koördineerder; koördineerders vir elke dag van die week; 'n administratiewe span en verkieslik 'n administratiewe kantoor; een of twee mense wat gebedsmateriaal versamel, dit verwerk en vir die intersessors beskikbaar stel in gedrukte vorm of per e-pos; mense wat verantwoordelikheid sal neem vir die skoonmaak en die versiering van die bidplek; iemand wat die gebedsrooster sal uitwerk; ens.
- Daar moet 'n gereelde proses aan die gang wees vir die werwing van nuwe intersessors. Hulle moet die plek neem van diegene wat na ander dorpe of stede verhuis of wat moeg word, uitval of wie se omstandighede so verander dat hulle nie meer deel van die gebedswag kan wees nie.
- Dit is 'n vereiste om intersessors gereeld te motiveer en om hulle toe te rus. Onthou dat sommige van hulle aan die gebedswag deelneem as enkelinge of as lede van klein groepe, en dus nie noodwendig enige kontak met die ander intersessors het nie. Intersessors kan maklik geïssoleer voel en moed verloor. Kom

gereeld bymekaar vir gesamentlike aanbidding, toerusting en motivering.

- Dit is goed om al die bidders (*watchmen*) een keer per kwartaal of selfs een keer per semester op 'n gebedswandeling in die gemeenskap te neem of om prakties uit te reik saam met 'n aktiewe groep mense wat reeds aan die gang is.

4.2 Praktiese beginsels vir die bou van 'n 24/7/365 gebedswag in 'n plaaslike gemeente

– Die visie van dag en nag gebed moet op grond van die Skrif gedeel word en daar moet volgehou word met die deel van hierdie visie. Mense het leiding en bemoediging nodig.
– Die leiers moet in die krag en in die noodsaaklikheid van gebed glo en dit demonstreer.
– Noukeurige beplanning en die insluiting van bestaande gebedsaktiwiteite van die gemeente is noodsaaklik as jy met 'n 24/7 gebedswag wil begin.
– Verantwoordelikhede moet met versigtigheid gedelegeer word. As die gebedswag begin groei, sal mense met spesifieke gawes benodig word om te help met die praktiese en geestelike behoeftes wat mag ontstaan. Iemand met sterk administratiewe en organisasie vaardighede is hier baie belangrik.
– Verbind 24/7 gebed met die verskillende bedieninge in die gemeente. Die belangrikheid van intersessie vir elke bediening moet verduidelik word, sodat mense in die bedieninge gemotiveer sal word om saam te bid.
– Kommunikeer voortdurend met die bidders (*watchmen*) en gee gebedsinligting deur – maak gebruik van bestaande gebedsmateriaal en gebedsbriewe wat die Woord se oproep tot gebed onderskryf.
– Streef na eenheid in die Gees.
– Verstaan die druk van die moderne samelewing. Ons is geroep om mense op te roep tot gebed en nie om druk op hulle te plaas nie. Maak dit maklik vir individue om in te skakel en moenie kritiseer as hulle dit nie doen nie. Mense wat by 'n gebedswag

betrokke is, is nie beter Christene net omdat hulle by 'n gebedswag betrokke is nie.
– Beklemtoon die belangrikheid van persoonlike stiltetyd en die gesinsaltaar – gebed in die gebedswag mag nooit jou persoonlike alleentyd met God vervang nie.
– Wees kreatief en oop vir verandering – lees en luister. Om jongmense betrokke te kry, vereis selfs groter kreatiwiteit.
– Onthou, mense het konstant praktiese lering nodig oor hoe om te bid. Daar is genoeg materiaal beskikbaar. Maak gebruik daarvan.
– Om 'n huis van gebed te wees, is nie iets wat gebruik kan word om mense uit te daag nie. Gebed is 'n Godgegewe opdrag (Matt.21:13).
– Maak ruimte vir mense wat geroep is tot 'n voltydse bediening in die huis van gebed. Die Here is besig om reg oor die wêreld voltydse bidders (*watchmen*) op te rig. Daar is dalk van die manne en vroue in jou gemeente wat daagliks voor die Here wil staan in vas en gebed soos Anna in die Nuwe Testament (Luk. 2:37).
– Drie sleutels om te onthou vir die instandhouding van jou dag en nag gebedstyd: a) persoonlike dissipline b) volharding c) persoonlike toewyding.

4.3 Riglyne vir die vestiging van 'n gebedswag vir korter tydperke (bv. 7 dae, 21 dae of 40 dae)

Hier volg 'n paar riglyne wat gebruik kan word wanneer 'n gebedswag gevestig word vir korter tydperke in 'n plaaslike gemeente of gemeenskap (soos bv. 7, 10, 21 of 40 dae).

Algemene riglyne

- By 'n 7 dag gebedswag of gebedsketting kan individue, groepe, kerke, dorpe/stede of streke/provinsies betrokke wees.
- Gemeentes kan begin met 'n een dag 24 uur gebedswag een maal per week en soos meer mense betrokke raak, kan meer dae met gebed gevul word. Sodra daar genoeg intersessors is wat al

die ure van die een dag kan vul, kan 'n tweede ketting begin word wat op dieselfde manier funksioneer. Die sessies in die gebedswag kan gevul word deur individue, gebedsgroepe, jeuggroepe, selgroepe, bejaardes, ens.

- Een gemeente kan met 'n ander gemeente saamwerk, of met 'n aantal ander gemeentes om hulle aan te moedig om ook met 'n 24/7 gebedswag te begin (24 uur per dag vir 7 dae).
- Met uitsondering van die plaaslike gemeente as die basiese bousteen vir die vestiging van 24 uur gebedswagte, kan ander benaderings/modelle ook gebruik word om 24/7 gebed aan te moedig.
- Stel 'n koördineerder en onderkoördineerder aan vir elke 24 uur ketting.
- 'n Plek vir 'n gebedswag kan op twee maniere gekies word:
  a) kry 'n sentrale plek by die gemeente of by 'n ander plek wat 24 uur per dag beskikbaar sal wees waar mense kan ontmoet om te bid, of
  b) laat dit oor aan individue of groepe om te besluit waar hulle wil byeenkom vir hulle uur van gebed (hulle eie huise, woonstel, ens.).

Hierdie riglyne is slegs voorstelle. Wees kreatief. Die Gees van die Here mag julle lei om die saak op 'n heeltemal ander manier te benader. Daar is nie 'n regte of verkeerde manier van bid nie.

Hoe om 'n 7 dag gebedskamer te bedryf

- 'n 7-dag gebedsperiode kan loop vanaf middernag Sondag tot die volgende Sondag middernag.
- *'n 24/7 handleiding (met die titel Boiler Room Manual – especially for the youth*) is beskikbaar by www.xtremeprayer.com.
- Kry 'n kamer of vertrek en verander dit vir 7 dae in 'n gebedskamer. 'n Spesiale gebedskamer waar mense nét bid, werk die beste. Wees ferm en moedig mense aan om na die gebedskamer te kom om te bid! Toon egter begrip indien dit gevaarlik of fisies onmoontlik is, bv. nag-ure of bejaardes.

- Reël sekuriteit as dit nodig is.
- As verskillende gemeentes wil deelneem aan die een 24/7 gebedswag, moet die gebedskamer liewers nie by een van die gemeentes wees nie. 'n Neutrale plek word aanbeveel.
- Verskaf genoeg koffie, tee en water indien moontlik.
- Mens kan byvoorbeeld al die mense wat deelneem aan 'n 7-dag gebedswag neem om prakties uit te reik na 'n skool, polisiestasie, inkopiesentrum, huurmotorstaanplek of vlooimark en op die plek bid vir die mense wat daar werk. Mens kan bv. ook 'n gebedstalletjie oprig vir 'n dag of twee sodat die mense wat gebed nodig het, julle kan vra om vir hulle te bid.
- Onthou, hierdie taak is te groot vir een persoon, vra dus 'n paar mense met administratiewe gawes om te help met die praktiese implimentering van die gebedsweek. Vra 'n paar vrywilligers om te help met vervoer, veral om mense snags na en van die gebedskamer te vervoer.
- Maak ruimte in die skedule vir aanbidding- en lofprysingspanne en nooi spanne uit om bv. vir twee ure die Here te prys en te aanbid in die gebedskamer. Doen dit een of twee keer per dag.
- Reël dat bejaardes en jong ma's met kinders in groepe deur die dag kom en vir jongmense om oor die naweek te kom bid. Jongmense mag dalk 'n hele nag op 'n Vrydag of Saterdag wil bid.
- Uitreik na behoeftiges: mense wat deur die week kom bid kan gevra word om klere, kos, meubels of komberse te bring om vir behoeftiges te gee. Wenk: wanneer die goedere oorhandig word, bid vir die gesin en seën hulle in die Naam van Jesus.

Meer idees

- Moedig skole aan (of selfs tronke) om vir 7 dae te bid. Ouers kan die program gedurende skool-ure vul en skoliere en onderwysers kan smiddae en saans verantwoordelik wees.
- Sorg vir 'n element van avontuur, veral met jongmense – reël bv. 'n 40 uur gebedswag vir 'n naweek vanaf 18:00 op 'n Vrydagaand tot 12:00 Sondagmiddag en eet daarna saam by iemand se huis.
- Neem die 24/7 konsep na 'n "donker plek" oor 'n naweek of gedurende 'n vakansie en bid op die vyand se drumpel.

Terselfdertyd kan die liefde van Jesus met mense daar gedeel word.

- Neem die bidders (*watchmen*) in die 24/7 gebedswag na die naaste polisiestasie vir 'n week. Daar kan almal die probleme van die gemeenskap eerstehands ervaar.
- 'n Broederskap (groep leraars) kan hulle erns oor eenheid aan die Koninkryk en die gemeenskap demonstreer deur saam met hulle vrouens 'n 24/7 te begin.
- Vestig 'n 24/7 gebedswag deur middel van e-pos.
- Moedig 'n paar sakemanne/–vroue aan om met 'n 24/7 gebedswag te begin, om bv. vir 5 dae lank van 06:00 – 18:00, gedurende 'n bepaalde week te bid.
- Wees kreatief. Miskien hou die Here van jou idee. Moenie bang wees vir kreatiewe idees wat aanvanklik vreemd voel nie. Die Here se Gees is 'n kreatiewe Gees – Hy het jou geskape.
- Oorweeg 'n Woordwag. Neem byvoorbeeld die Bybel en bid 'n week lank daaruit, dag en nag. Begin met Genesis 1, bid sover as wat julle kom en as julle dwarsdeur die Bybel gebid het, begin weer van voor af. Nog 'n moontlikheid is om die Psalms te neem en sewe dae lank daardeur te bid.

4.4 'n Voorbeeld van 'n interaktiewe gebedskamer met gebedstasies

Met die 24/7 gebedsbeweging het die konsep van 'n interaktiewe gebedskamer ontstaan. Vroeër was gebedskamers net 'n plek waarheen mense kon kom om vir 'n tyd lank te bid. Maar 'n klompie jongmense in Engeland het begin om gebedskamers te verander in "gebedstasies" waar mense kan bid, deur die mure en vloer as't ware te 'versier'.

So het 'n gebedsmuur (Prayer Wall) ontstaan en dit het vinnig wêreldwyd inslag gevind, veral by jongmense.
In 'n tipiese jeug-gebedskamer sal jy die volgende vind:

– 'n Aanbiddingsmuur ('n hoekie waar jy na musiek kan luister en net stil voor die Here kan wees)

– ‘n Klaagmuur (‘n plek waar daar vir ongeredde familie, vriende en die verlore wêreld gebid word en wêreldkaarte opgeplak kan word of waar daar ‘n bord is waarteen bidders (*watchmen*) die name van die mense vir wie hulle bid, kan vassteek)
– ‘n Dankmuur (‘n plek waar mense ‘n dankie-brief vir die Here kan skryf en dit dan teen die muur vasplak of in ‘n houer kan gooi, ens.)
– ‘n Kreatiewe muur (waar velle blanko papier teen die muur geplak word sodat enigiemand sy liefde vir die Here in ‘n kunsvorm kan uitdruk soos bv. sketse of gedigte, ens.)
– ‘n Skrifmuur (‘n plek waar Woordgedeeltes wat mense kan bid opgeplak word en waar enigiemand vry is om teksverse vir gebed op te plak)

Daar is baie maniere waarop ‘n mens dit kan doen. Benut die kreatiwiteit van almal wat help. Die moontlikhede van die soort en aantal gebedstasies, oor hoe om ‘n gebedskamer te versier en te gebruik, is oneindig. Die name en fokusse van die gebedstasies kan mettertyd verander word, meer kan bygevoeg word, ander kan weggeneem word. Baie hang af van die fokus van die gebedskamer, die grootte, materiaal beskikbaar om te meubileer, te versier, die ouderdom van die mense wat die gebedskamer gebruik, ens.

Die voorbeeld hieronder gee ‘n beskrywing van ‘n tipiese gebedskamer (gebedskamers bestaan gewoonlik uit 4-8 sulke stasies). Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie net voorbeelde is om ‘n idee te gee van wat gedoen kan word. Doen dit asseblief op jul eie kreatiewe manier. Hier word 13 “gebedstasies” gelys; dit is 13 plekke wat versier en ingerig kan word om mense by die gebedskamer te help om op verskillende maniere aktief aan gebed deel te neem.

A. Staan voor die Kruis

Tyd vir introspeksie. Vra die Here om enige sonde wat ‘n dieper wandel met Hom verhinder, uit te wys. Spyker dit dan teen die kruis vas.

Skrifgedeeltes: Kol.2:13,14; Rom.6:6; Gal.2:20; Gal.5:24; Matt. 16:24; Jes.1:18.
Benodig: 'n Kruis (gemaak van twee plat stukke hout), hamers, spykers, stukkies gekleurde papier, penne, rooi lap waarop die kruis op die vloer neergesit word. Een klein bedlampie.

B. Persoonlike Wandel / Dieper Wandel
Dink ernstig na oor jou verhouding met die Here en gee jouself opnuut aan Hom oor.
Skrifgedeeltes: Rom.12:1,2; 2 Kor.3:18.
Benodig: Wit lap om die area te versier (wat die regverdige handelinge van die heiliges simboliseer), A4 papier, penne, stoele, kussings, 'n spreilig vir agtergrondbeligting.

C. Herinneringswandel / Muur van Herinnering
Dit kan óf 'n altaar vir die Here wees waar jy die beloftes wat die Here vir jou gegee en vervul het, op 'n wit klippie kan skryf en op die hoop klippe kan sit soos in 'n dankaltaar óf dit kan 'n muur van stene wees waarop mense die beloftes wat God vir hulle gegee en vervul het, kan skryf en Hom kan dank deur 'n muur te bou.
Skrifgedeeltes: Jos.4:21-24; Ps.26:7; Fil.4:6-7; Eseg.22:30; Jes. 62:6; 2 Kor.1:20.
Benodig: Klein klippies (50); permanente merkpenne, swart plastiek (waarop die klippe gesit word), 30 stene of groot velle papier om die stene op die muur te teken, spreilig teen die muur of 'n lamp wat by die altaar staan.

D. Die Huis van die Pottebakker
'n Plek waar mense 'n kruik of ornament kan kom maak – om God se werk in hulle lewens te oordink.
Skrifgedeeltes: Jes.64:8; Rom.9:21.
Benodig: Tafel (bedek met plastiek of koerant), klei, stoele, een klein bedlampie.

E. 'n Maaltyd saam met My
Nagmaaltafel.

Skrifgedeeltes: Op.3:20; Joh. 6:53-55; Matt.26:26-28.
Benodig: Tafel, tafeldoeke, koppies, borde, vrugtesap, brood, stoele, fyn liggies op die tafel, 2 kerse, vuurhoutjies/ klein lampies.

Die volgende afdeling in die gebedskamer se fokus moet na buite wees – na die gemeenskap en die res van die wêreld.

F. Goue Bak / Klaagmuur / Wierookaltaar
'n Plek waar mense gebedsversoeke vir ongereddes voor die Here kan bring, of enige ander behoefte wat hulle in hulle lewens het. Maak hiervan 'n interessante plekkie deur stukkies papier op ogiesdraad te sit of hang 'n string papiertjies aan 'n toutjie met wasgoedpennetjies. Verlig die area met twee klein spreiligte bo-op die ogiesdraad.
Skrifgedeeltes: Matt.7:7; Matt.21:22; Joh.14:13-14; 1 Joh. 5:15; Op.5:8; Op.8:3-4.
Benodig: Draad, 'n stuk tou, stukkies gekleurde papier, penne, 'n goue bak, wasgoedpennetjies, 2 klein spreiligte.

G. Realiteitsmuur
Bid vir die behoeftes van die gemeenskap en die wêreld.
Skrifgedeeltes: Matt.18:19; Fil.4:19.
Benodig: koerant-uitknipsels, prestik om dit teen die muur vas te sit, 2 klein spreiligte van bo af.

H. Vernietig die Vestings
Bou 'n tronk. Sit 'n tafel daarin met papier, penne, asblik, kers, vuurhoutjies, waskom en beker, handdoek. Mense kan hier op stukkies papier bindinge in hulle gemeenskappe wat kennis van God teenwerk, neerskryf; soos bv. alkohol misbruik, seksuele verslawing, pornografie, vals gode, bloedvergieting, ens. Bid daaroor en brand dan die papier en gooi dit in die asblik.
Skrifgedeeltes: Joh.8:32; Joh.8:36; Jes.61:1.
Benodig: 3 Kantoorskeidings, swart lap, 14 dun stukkies hout of bamboes om 2 tronkvensters te maak, kleinerige tafel, papier, penne, asblik, kers, vuurhoutjies.

I. Vissers van Mense
Gebed vir die nasies van die wêreld en vir jou eie land. Gebruik koring om die saai van die Woord in daardie nasie te simboliseer.
Skrifgedeeltes: Ps.2:8; Gen.24:16; Deut.1:21; Dan.7:18, Matt.24:14.
Benodig: 2 Kantoorskeidings, wêreldkaart, kaart van jou land, visnet, koringkorrels, prestik om koringkorrels op die kaart vas te sit. Spreiligte van bo af om die kaarte te verlig.

J. Mooi Voete
Plek waar mense mekaar se voete kan was, vir mekaar kan bid, rekonsiliasie.
Skrifgedeeltes: Joh.13:5; Joh.13:14; 2 Kor.5:18; Matt.5:24.
Benodig: 6 stoele, 3 waskomme, 3 emmers, 3 bekers, 6 handdoeke, 1 standaard lamp.

Die laaste afdeling in die gebedskamer is 'n paar plekke wat op God, Sy Koninkryk en Sy Heerlikheid fokus. Plekke van aanbidding.

K. Die Binnekamer / Troonkamer
'n Plek om te sit en te mediteer oor God se karakter, Sy Name, om Hom te aanbid vir wie Hy is.
Skrifgedeeltes: Ps.95:6; Hoogl. 2:10; Jes.55:1; Op.4:1; Matt.11:28.
Benodig: Pers, wit en goue materiaal, God se Name geskryf op karton, stoele/kussings, waterfontein, plante, een spreilig agter die lappe en een lig wat van onder af skyn om die Name van die Here te verlig.

L. Woordwag
'n Plek waar mense die Woord van die Here kan sit en lees, bv. 'n Psalm, en kan mediteer oor dit wat hulle gelees het.
Benodig: 'n Klein tafel, stoele, 1 bedlamp en 'n paar Bybels.

M. Kreatiewe Muur
'n Plek waar mense kan skryf, teken of graffiti op 'n muur kan verf.
Benodig: 'n Tafel (bedek met plastiek of koerantpapier), verf, stukkies papier, kopspelde, kleurpotlode, kryt, ens.

RIGLYNE - HOE OM 'N UUR IN GEBED DEUR TE BRING: 'n Een uur gebedsrooster

Deel een uur op in 12 x 5 minuut gleuwe. Deur 5 minute per afdeling te bid, vul jy een uur met gebed.

Soek my Aangesig (Psalm 27:8)

Ps 27:8 Van U sê my hart:
Soek my aangesig! Ek soek u aangesig, O HERE! (OV)

1. Soek My Aangesig deur My Naam aan te roep (5 min)

Besin biddend oor die volgende name van die Vader, die Seun en die Heilige Gees: Algenoegsame; Bevrediger (El-Shaddai) - Gen.17:1; Apostel en Hoëpriester van ons geloof - Heb.3:1; Barmhartige en Genadige God Ps.86:15; Beloner van dié wat Hom soek - Heb.11:6; Bewerker van wonderdade - Eks.15:11; Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe Joh.14:6; Een aan wie alle krag behoort; God (Elohim) - Gen.1:1; God sal voorsien, Voorsiener (Jahweh-Jireh) - Gen.22:8-14; God van vrede; die Here gee rus (Jahweh-Shalom) - Rig.6:24; God wat sien (El-Roi) - Gen.16:13-14; Here wat jou gesond maak (Jahweh-Rophe) - Eks.15:26; Hulp in benoudhede - Ps.46:2; Jesus Christus, gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid - Heb.13:8; Lam wat geslag is - Op.5:12; Magtige God, *"Champion"* (El Gibbor) - Jes.9:6-7; Muur van Vuur - Sag.2:5; Oorwinnaar in elke stryd - Ps.24:8; Voorspraak - Joh.14:16; Helper - Rom.8:26; Gees van Wysheid - Jes.11:2; Gees van Insig - Jes.11:2; Gees van Raad en Sterkte - Jes.11:2; Gees van Kennis en Vrees vir die Here - Jes.11:2; Gees van Gebed/Genade en Smeking - Sag.12:10.

2. Soek My Aangesig vir persoonlike herlewing (5 min)

Vra jouself die volgende vrae:

- Is daar enige sonde in my lewe wat nie bely is nie?
- Het ek onvergewensgesindheid en bitterheid in my hart?
- Is daar enige twyfelagtige gewoontes of aktiwiteite in my lewe?
- Gehoorsaam ek die Heilige Gees dadelik in alle dinge?
- Bely ek Jesus onbeskaamd?

3. Soek My Aangesig vir ongeredde familie en vriende (5 min)

1. . . . . .
2. . . . . .
3. . . . . .
4. . . . . .
5. . . . . .

Bid vir hulle redding, dat God hulle sal seën (geestelik, sosiaal, emosioneel) en bid vir hulle persoonlike behoeftes.

4. Soek My Aangesig vir die kerk (5 min)

Maak 'n lys van vyf dinge waarvoor jy vir jou plaaslike gemeente/of die Kerk in die algemeen, kan bid.

1. . . . . .
2. . . . . .
3. . . . . .
4. . . . . .
5. . . . . .

En/of

- Bid vir die herstel van gemeentes as huise van gebed vir al die volke (Jes.56:7; Matt.21:13).
- Bid dat gemeentes die Groot Opdrag sal uitvoer (Matt.28:18-20).

- Bid dat gemeentes die Groot Gebod sal gehoorsaam (Matt.22:37-40).
- Bid vir geestelike herlewing in die Kerk (Ef.3:17-23).
- Bid vir 'n Kerk wat getrou aan die Woord sal wees en doeltreffend in die aanspreek van die nood van mense (2 Tim.3:1-17).

5. Soek My Aangesig vir jou persoonlike behoeftes (5 min)

1. . . . . .
2. . . . . .
3. . . . . .
4. . . . . .
5. . . . . .

6. Soek My Aangesig deur My Woord te bid (5 min)

Begin om stelselmatig deur die Psalms te bid. Lees en bid deur 2-3 Psalms op 'n keer.

7. Soek My Aangesig deur na My te luister en op My te wag (5 min)

Soek Sy Aangesig deur op Hom te wag en na Hom te luister: Lees Jes.42:8-9, Dan.9:9-10 en Ps.25:4-5. Vra die Here om nuwe dinge aan jou te openbaar, dinge wat Hy wil hê jy moet raaksien en waaraan jy aandag moet gee. Vra Hom om Sy wil en strategieë/planne aan jou bekend te maak. Vra Hom wat op Sy hart is waaroor Hy wil hê jy moet bid. Hou dagboek van dit wat jy glo Hy vir jou sê.

8. Soek My Aangesig deur te bid vir die verbreking van vestings van sonde en dat mense hulle sondes sal bely (5 min)

- Immoraliteit
- Towery en afgodsdiens
- Ongeregtigheid: skadelike gedragspatrone

- Rassisme: rassehaat en etniese trots
- Onheilige verbonde

En/of

Soek My Aangesig vir wêreldkrisisse, soos:
- Die MIV/VIGS pandemie
- Die groeiende aantal arm en behoeftige mense
- Korrupsie op alle vlakke
- Die vervolgde Kerk in talle lande
- Oorloë, bloedvergieting, etniese geweld – bid ook vir die miljoene vlugtelinge
- Kinders in nood: mishandeling en uitbuiting

9. Soek My Aangesig vir die nasies (5 min)

Skryf die name van vyf lande neer en bid vir hulle

1. .....
2. .....
3. .....
4. .....
5. .....

- Vir herlewing
- Vir die redding van die onbereiktes en ongereddes
- Vir volwasse en Godvresende leiers
- Vir die vermenigvuldiging van toegewyde volgelinge van Jesus
- Vir 'n ontwaking en visie vir sending in die plaaslike gemeentes

En/of

- Bid dat die nasies sal sien dat Christus Jesus die Weg, die Waarheid en die Lewe is (Joh.14:6).
- Bid dat die onbereikte mense van die aarde met die evangelie bereik sal word (Luk.24:46-48).

- Bid dat die vrede en heerlikheid van God oor lande en nasies sal kom (Sag.9:10).
- Bid dat konings en regerings hulle sal onderwerp aan die heerskappy van Jesus as Koning van die konings (Jes.49:7).
- Bid dat God die nasies sal seën (Jer.4:1-2).

10. Soek My Aangesig dat My wil op die aarde gedoen sal word (5 min)

- Vir die openbaring van God se heerlikheid oor die hele aarde
- Vir die genesing van die nasies
- Vir versoening op alle vlakke (gesinne, kerke, etniese groepe of rasse, lande, ens.)
- Vir die verbreking van vestings, strukture en politieke sisteme wat mense se lewens vernietig
- Bid vir God se seën oor die nasies

En/of

Soek My Aangesig dat mense met My en met mekaar versoen sal word (5 min)

- Bid dat nasies sal bely as hulle hulle eie mense of ander volkere sleg behandel, seergemaak of verdruk het en dat hulle hul afbrekende gesindhede sal verander.
- Bid vir versoening op alle vlakke (binne gesinne, waar vroue en kinders verdruk word, waar spanning en onverdraagsaamheid beleef word tussen gemeentes en denominasies, etniese groepe of rasse, tussen lande, ens.)
- Bid vir die verwydering van vestings, strukture en politieke sisteme wat mense se lewens vernietig.
- Bid dat mense sal omdraai en vergoed vir dit wat hulle aan ander verkeerd gedoen het, vir vryspraak en vergifnis.

11. Soek My Aangesig vir die jeug (5 min)

- Dat hierdie geslag jongmense hulle eie generasie met die evangelie sal bereik.
- Vir jongmense om intimiteit met God te beleef en gehoorsaam aan Hom te wees.
- Vir radikale, toegewyde dissipels wat heilig leef.
- Dat jongmense God radikaal sal dien en Hom sal volg waarheen Hy ookal lei.
- Vir passievolle harte om selfs die armstes en mees ellendiges te bereik en hulle te dien.

12. Soek My Aangesig met lof en aanbidding (5 min)

Sluit jou tyd van gebed af met lofsang en aanbidding. Lees enigeen van Psalms 144-150. Dank God vir Sy goedheid en neem 'n bietjie tyd om mense wat in jou gedagtes opkom te seën in die Naam van die Here Jesus Christus.